Die Sonde Van Drank.

Matt. 22:
29 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Julle dwaal, omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie.

Die redes waarom mense drink, toon duidelik dat hulle nie die MONSTER onder die dekmantel kan raak sien nie. Mense drink want dit is TRADISIE, verder maak dit jou POPULêR onder JOU VRIENDE, en dit smaak lekker so nou en dan. Indoktronering van die menslike denke dwing die mens in die rigting van drank, en les bes, DIT LAAT JOU LEKKER VOEL. Dit is die gedagtegang van die hedendaagse "verligte " beskawing. Die hele filosofie is sekulêr... God staan buite, deels omdat die moderne KERK SE BOODSKAP VERFLOU EN AFGEWATER , ja, HEELTEMAL VERKOUD IS.
Openbaring 3:
16 Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.
Daarom is die mens se verstand dié van onwedergeborenes.

"Niemand is heilig nie," so lei die mens se geliefkoosde spreekwoord, maar wat maak ons dan met die volgende skrifte?
1 Petrus l:
15 Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,
16 omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.

Of dalk moet ons **1 Thessalonicense 4:7 & 8** lees wat sê:
7 Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.
8 Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.

Verder sê **Hebreërs 12:**
14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;

ALKOHOLISME en enige wyse van DRANK MISBRUIK is die mens se eie toedoen. Geen persoon het ooit 'n ALKOHOLIS geword sonder om die EERSTE glasie drank te drink of daaraan te proe nie. Die probleem is egter dat die mens homself altyd wil VERONTSKULDIG.

Jacobus 1:13 sê egter:
13 Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie.

Hoewel ek alkoholisme nie veroordeel nie, wys ek tog daarop dat die Skrif vir ons leer dat ons nie die skuld op

God kan laai nie, dit is JOU EIE SKULD EN KEUSE. God is lief vir jou, maar HY HAAT JOU SONDE, die sonde van DRONKENSKAP en LOUHEID van jou gees! Die DRINKER, MATIG of NIE MATIG NIE, moet dus soos God se Woord leer, van die sonde af wegvlug, die versoeking weerstaan en nie daaraan toegee nie. Deur dit te doen sal God volgens 1 Kor. 10:13 jou red en genade skenk.

Kom ons kyk na ‘n baie bekende gedeelte in die Woord van God, naamlik die bruilof te Kana waartydens Jesus WATER IN WYN VERANDER HET. Baie mense kwoteer gedeeltes hieruit sonder dat hulle die Woord van God in sy volheid ken. [Joh. 2:1-11] Met oortuigende redenasie kom SONDAARS om HULSELF TE REGVERDIG in die Woord van God en sê dat hierdie “goeie wyn” sterk drank was. Dit kon onmoontlik nie sterk drank gewees het nie. **Habakuk 2:15 waarsku teen die mens wat aan sy naaste drank gee om hom dronk te maak.** JESUS HET NIE GEKOM OM DIE WET TE VERBREEK NIE, MAAR OM DIT TE VERVUL. **[Matt. 5:17]**

As ons die redenasie verder neem, sien ons dat die hoof-

dienaar JESUS SE WYN AS GOEIE WYN BESTEMPEL teenoor die alreeds "goeie wyn" wat op die tafels was en klaar geraak het. Met ander woorde, JESUS SE WYN WAS BETER AS DIE BESTE WYN. Die wetenskap leer dat daar in die Bybel se tyd geen drank was wat meer as 16% alkohol bevat het nie. Sodra die gisting in die druiwesap 16% alkohol opgebou het, sterf die fermentasie. As Jesus dus water in wyn verander het, SOU DIT BESLIS NIE ALKOHOLIES WEES NIE, maar "goeie" [ongegiste] wyn wat nie lank hoef te gestaan het om gebruik te word nie. Volgens geskiedskrywers is drank in daardie tyd gekook tot 1/3 van die oorspronklike hoeveelheid, of verflou deur die byvoeging van water om BEDWELMENDE GEVOLGE TEEN TE WERK. Verder maak die WOORD van God hoegenaamd NIE MELDING VAN WYN BY DIE SAKRAMENT [nagmaal] nie, maar spreek van die VRUG VAN DIE WYNSTOK, DIE BEKER, ENS.

DIE **WOORD** IS DIE HOOGSTE GESAG WAT MAG SPREEK.

REGEERDERS MAG NIE DRINK NIE!

Spreuke 31:
4 Die konings, o Lémuël, die konings moet nie WYN DRINK NIE en die vorste moet NIE STERK DRANK BEGEER NIE;
5 anders drink hy en vergeet die insettinge en verdraai die reg van al die ellendiges.
6 GEE STERK DRANK aan hom wat wil ONDERGAAN,

OPSIENERS MAG NIE DRINK NIE!

Geen prediker, ouderling of diaken mag drink nie!

Titus 1:
7 Want ‘n opsiener moet as ‘n rentmeester van God ONBERISPELIK wees, nie eiesinnig, nie oplopend, GEEN DRINKER, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie;

1 Tim. 3:
2 ‘n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, NUGTER, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;
3 GEEN DRINKER, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

CHRISTENE MAG NIE DRINK NIE!

1 Pet. 4:
3 Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, DRONKENSKAP, brasserye, DRINKPARTYE en ongeoorloofde afgoderye.

NIEMAND MAG DRINK NIE!

Rom. 13:
13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en DRONKENSKAP, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

1 Thes. 5:7
....; en die wat DRONK word, is in die NAG DRONK.
8 Maar laat ons wat van die dag is, NUGTER wees, ...

Jesaja 5:
11 Wee hulle wat VROEG IN DIE MôRE klaarmaak om STERK DRANK na te jaag, wat in die nag láát opbly terwyl die WYN HULLE VERHIT.

Spreuke 23:
20 Wees nie onder die WYNSUIPERS nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal.
21 Want ‘n DRINKER en ‘n vraat sal ARM WORD, en slaperigheid laat stukkende klere dra.

Spreuke 23:
29 By wie is "Ag!"; by wie is "Wee my!"; by wie is GETWIS; by wie is geklaag; by wie is WONDE SONDER OORSAAK; by wie is DOFHEID VAN Oë?
30 By die wat láát opbly by die WYN, by die wat ingaan om GEMENGDE DRANK te proe.
31 Kyk nie na die WYN as dit rooiagtig lyk, as dit sy glans gee in die beker, glad na binne gly nie:
32 op die end byt dit soos ‘n slang en spuug gif uit soos ‘n basilisk.
33 JOU Oë SAL VREEMDE DINGE SIEN EN JOU HART VERKEERDE DINGE SPREEK;

Habakuk 2:
15 Wee hom wat aan sy naaste DRANK gee, wat jou gif daarmee meng, en hulle ook DRONK maak om hulle naaktheid te aanskou.

16 Jy het jou versadig met skande in plaas van met eer—

MOENIE GEMEENSKAP HOU MET DIE DRONKAARD NIE.

1 Kor. 5:
11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as ‘n broeder bekend, ‘n hoereerder is of ‘n gierigaard of ‘n afgodedienaar of ‘n kwaadspreker of ‘n DRONKAARD of ‘n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.



DRONKENSKAP is ‘n werk van die vlees en dié wat in hierdie vleeslike dinge deel het, KAN GOD NIE BEHAAG NIE. Dit leer die Bybel ons baie duidelik.

Gal. 5:
19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
21 afguns, moord, DRONKENSKAP, brassery en

dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, DIE KONINKRYK VAN GOD NIE SAL BEëRWE NIE. [U sal dus Hemel nie maak nie.]

1 Kor. 6:
10 MOENIE DWAAL NIE! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete [GAY] of diewe of gierigaards of DRONKAARDS of kwaadsprekers of rowers SAL DIE KONINKRYK VAN GOD BEëRWE NIE.

Die vrugte van DRANK is losbandigheid.

Efes. 5:
18 Moenie DRONK WORD van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

Die vrugte van STERK DRANK is spottery.

Psalm 69:
12 Die wat in die poort sit, praat van my—ook [is ek] die spotlied van die wat STERK DRANK drink

Spreuke 20:
1 Die WYN is 'n spotter, en STERK DRANK 'n lawaaimaker; en elkeen wat DAARDEUR BEDWELMD raak, is nie wys nie.

Dit verswak die moraal.

SATAN VANG JOU SO VAS dat jy naderhand SMAG NA DRANK.

Spreuke 23:
33 Jou oë sal VREEMDE DINGE SIEN en jou hart VERKEERDE DINGE SPREEK;
35 Hulle het my GESLAAN, sê jy dan, ek het GEEN PYN GEVOEL NIE; hulle het MY NEERGESLAAN, ek het dit NIE GEMERK NIE!
36 Wanneer sal EK WAKKER WORD? Dan sal ek dit WEER OPNUUT SOEK. [‘N REGMAKER.]

Die resultate van DRANK is weersinwekkend.

Jes. 19:
14 Die HERE het daarin ‘n gees van bedwelming gegiet, en Egipte is op ‘n dwaalweg gebring in al sy werk, soos ‘n DRONKAARD TUIMEL IN SY UITBRAAKSEL.

Jer. 25:
27 En jy moet vir hulle sê: So spreek die HERE van die leërskare, die God van Israel: DRINK en word DRONK en spuug en val neer en staan nie weer op nie weens die swaard wat Ek onder julle stuur.



DRANK en die GEES VAN GOD, asook die EVANGELIE VAN JESUS GAAN NIE SAAM NIE.

Miga 2:
11 As iemand wind nawandel en bedrieglik lieg en sê: Ek sal vir jou profeteer by WYN EN STERK DRANK—dan sou hy vir hierdie volk ‘n profeet wees!

Maar let daarop dat die Here ‘n DRONKAARD onverhoeds sal betrap in die dag wat hy dit nie verwag nie.

Matt. 24:
48 Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom—
49 en hy sy mededienskneg te begin slaan en saam met die DRONKAARDS begin eet en DRINK,
50 dan sal die heer van dié dienskneg kom op ‘n dag dat hy dit nie verwag nie en op ‘n uur dat hy dit nie weet nie;
51 en sal hom PYNIG en hom ‘n deelgenoot van die

geveinsdes maak. DAAR SAL GEWEEN WEES EN GEKNERS VAN TANDE. [Die ewige hel.]

Liewe leser, taal kan nie duideliker nie!!

Gal. 6:
5 Want elkeen sal sy eie pak dra.

Heb. 9:
27 En net soos die mense bestem is om EEN MAAL TE STERWE EN DAARNA DIE OORDEEL

2 Tim. 3:
16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot LERING, tot WEERLEGGING, tot TEREGWYSING, tot ONDERWYSING in die geregtigheid,

Joh. 8:
32 En julle sal die waarheid ken, en die WAARHEID SAL JULLE VRYMAAK.
36 As die Seun julle dan vrygemaak het, SAL JULLE WAARLIK VRY WEES.

Spreuke 14:
12 Daar is 'n WEG wat vir 'n MENS REG LYK, maar die einde daarvan is weë van die dood. [Die ewige hel.]

Spreuke 12:
28 Op die PAD van geregtigheid is LEWE, en die RIGTING van dié pad is ONSTERFLIKHEID.

Joh. 12:

48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie. Soos ek reeds gesê het; God het u lief, maar Hy haat u sonde!Ek veroordeel u nie, maar die HOOGSTE GESAG OOIT, DIE WOORD VAN GOD, DOEN DIT WEL. Ek pleit by u, bekeer u van die weë van die dood wat op u sit en loer! Daar is hoop vir u by JESUS!!

Jes. 1:

18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

1 Joh. 1:
8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

AMEN.

1 Kor. 10:
21 Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.

Skriftuurplase

DIE EWIGE HEL	BEKERING	DOOP
	Rom. 2:4	Matt. 28:19
Matt. 25:41 & 46	Rom. 3:21-23	Matt. 3:6-8 , 11,
Matt. 18:8-9	Rom. 6:23	15-16
Matt. 5:28-29	Rom. 10:8-13	Mark. 16:15 & 16
Matt. 10:28	1 Tim 2:3-6	Rom. 10:17
Matt. 8:12	Matt. 11:28	Luk. 7:29-30
Mark. 9:43-48	Jes. 1:18	Joh. 3:3-5
Luk. 12:4,5	Jes. 55:1-8	1 Pet. 3:21
Luk. 16:19-28	Luk. 5:32	Hand. 8:12, 35-39
Jes. 66:24	Hand. 2:37-38	Ha nd. 2:37-41
Dan. 12:2	Hand. 3:19	Hand. 16:30-34
Openb. 14:9-11	Hand. 17:30-31	Hand. 18:8
Openb. 20:11-15	Joh. 1:2	Hand. 19:2-5
Openb. 21:8	Joh. 3:3-5	Hand. 22:16
Openb. 22:15	Joh. 16:36	Titus 3:5
2 Thes. 1:8-9	Esegiël 18:19-21,	Rom. 6:4
	27-32	Kol. 2:11 & 12
	Esegiël 33:11	Joh. 3:22 & 23
	1 Joh 1:8-10	Mark. 1:4-5, 10
	Heb. 10:26-31	Luk. 3:21-22

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.\ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.\Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, ...

Epos: konanja333@gmail.com

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.